# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*

3 Mei 2026



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

## Baie Welkom by vanoggend se Erediens




Spesiale welkom aan nuwe lidmate en besoekers!

Mag jy tuis wees in die Hoogland Geloofsfamilie.

As jy vandag vir die eerste keer by Hoogland inskakel of sommer net kuier wil die leraar(s) jou graag ontmoet - kom maak asb. kennis na afloop van die erediens, by die *Info@PEHoogland*-tafel in die Voorportaal.
Die dame daar sal jou besonderhede neem en deurgee na die Kerkkantoor.

Nuwe lidmate kontak gerus vir Annalize in die kerkkantoor (of besoek @ www.pehoogland.co.za) sodat Hoogland jou besonderhede kan kry
Neem gerus 'n "Nuwe Intrekkers" koevert in die brosjure vakkies.



## Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel

Hoogland het vanoggend die voorreg om 3 babas te doop:

- *Rayke du Preez,* dogtertjie van Raymond & Nicolene
- *Nina Sophia Potgieter,* dogtertjie van JJ & Liezel
- *Reuben Richie Barnard,* seuntjie van Henk & Melissa

GEEN GVG a.g.v. langnaweek

*Deurkollekte: Sin. Diens van Barmhartigheid*

(...word gebruik om projekte te befonds vir bejaardes, leerders met spesiale onderrigbehoeftes, behoeftige pasiente in hospitale, ondersteuning aan jeugdige moeders en voedingsprojekte.)

## Algemeen

### Program vir die week:

Dinsdag: 5 Mei

11:00 Gebedsaksie in die Kapel

18:00 Divorce Care - Voorhuis

Woensdag: 6 Mei

08:45 B/fontein Bybelstudie

10:00 Gemeente Bybelstudie

18:30 Huwelikskursus in die Voorhuis

Vrydag: 8 Mei

05:15 Mannebediening

16:00 KUIERFEES @ Hoogland

### Dankoffers ...

Snap here to pay

SnapScan

**Bankbesonderhede**

NG Kerk PE Hoogland

ABSA

Rek - 1400 149 980

Takkode - 632005

Zapper

Gebedsversoeke kan hoogs vertroulik per *WhatsApp* gestuur word na 079 815 9325.

Wees verseker dat daar iemand saam met jou / vir jou sal intree ...




**Hoogland ondersteun asseblief MTR Smit se dames tee.**

# Vakature: Naweekkoster

Hoogland Gemeente nooi geskikte kandidate om aansoek te doen vir die pos van Naweekkoster. Hierdie pos behels hoofsaaklik naweekwerk en -ondersteuning tydens eredienste en spesiale geleenthede.

**Kandidaatprofiel**

’n Gesonde geestelike lewe as NG Kerk-lidmaat (verkieslik, maar nie beperk tot lidmaatskap van Hoogland nie). Voorkeur sal egter verleen word aan lidmate van Hooglandgemeente;
Betroubaar, verantwoordelik en stiptelik;
Goeie menseverhoudings en spanwerk;
Vriendelik en gasvry;
Beskikbaar oor naweke asook vir spesiale dienste;
Beskik oor eie vervoer;
Positiewe ingesteldheid en ’n hart vir diens.

**Posbeskrywing**

Hoofsaaklik die oop- en toesluit van kerkgeboue en lokale, tesame met die voorbereiding vir eredienste en spesiale dienste / geleenthede;
Ondersteuning met Nagmaal en koffiebediening;
Algemene opruim en netheid na dienste / ander geleenthede.

**Vergoeding en Diensvoorwaardes**

Salaris volgens ooreenkoms;
Werksure: Naweke (Vrydagmiddag 14:00 tot Sondagaand, asook met spesiale geleenthede);
Verlof: Beperkte naweekverlof soos vooraf ooreengekom.

**Aansoeke**

Stuur ’n bondige CV of bekendstellingsbrief aan: Mev Leandra Bonthuys - leandra@pehoogland.co.za

- Sluitingsdatum: 11 Mei 2026 om 12:00
- Diensaanvaarding: 1 Junie 2026 of soos ooreengekom
- Die Kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie.

## Uit die hart: Jou naam... en Sy Naam

Wanneer 'n kind gebore word, word daardie kind se naam by Binnelandse Sake geregistreer. Dit maak die naam amptelik en plaas 'n kind binne 'n groter geheel.

By die doop gebeur daar egter iets dieper as dit. Hier word nie net 'n naam geregistreer nie, maar in verband gebring met God se Naam. God se Naam (of eerder sy Name, want Hy openbaar Hom op verskillende maniere) verteenwoordig alles van wie Hy is, wat Hy doen en wat Hy belowe. Wanneer God sy Naam met 'n mens se naam verbind, sê Hy nie net iets oor daardie persoon nie; Hy maak Homself vas aan daardie lewe... aan jou lewe.

Dit is juis wat die doop so betekenisvol maak. Dit is nie 'n menslike handeling wat iets oor God probeer sê nie. Dit is God wat self handel, 'n naam roep en daardie naam in sy eie storie intrek. Daarom kan N. T. Wright dit so sterk stel: "*To be named by God is to be claimed by God*."

As jou naam aan God se Naam verbind is, beteken dit dat jou lewe nie sommer net deur die week gebeur nie. Dit beteken dat hoe jy leef, saak maak. Nie omdat jy iets moet bewys nie, maar omdat jy deel is van wat God besig is om te bou.

Dit wys sigself in die gewone goed. Dit wys in hoe jy met mense praat, hoe jy jou werk doen, hoe jy reageer wanneer dinge nie uitwerk nie en hoe jy uithou wanneer dit makliker sou wees om op te gee. Dit wys in die keuses wat jy maak wanneer niemand kyk nie, en in die manier waarop jy mense behandel wat niks vir jou kan teruggee nie.

Jy sien, die doop is nie net 'n handeling wat bevestig dat ek (of my kind) aan God behoort nie. Dit gee ook rigting in jou lewe, want om jou naam aan God se naam verbind te hê, beteken daar is nie iets soos 'n onbelangrike lewe nie. Jou lewe, net soos dit nou lyk, is belangrik vir God en jy is deel van God se storie.

**Pieter**




**Het jy al 'n kaartjie? Kry sommer vandag nog joune!!**


**1 x Enkelkaartjie - R100**

**Boekie met 5 kaartjies - R500**

**(6de kaartjie is joune indien jy al 5 kaartjies in die boekie verkoop)**

# KUIERFEES KAARTJIES

## R100 elk



**Kry gerus jou kaartjie by die Kerkkantoor of Vrydag by die Kuierfees!**

**Trekking : Vrydag, 8 Mei om 19:00 by die Kuierfees @ Hoogland**

| 1ste Prys | 2de Prys | 3de Prys | 4de Prys | 5de Prys |
|---|---|---|---|---|
| Spitbraai by JOU huis vir ongeveer 30 gaste! Ingesluit: Lam op spit / 2 slaaie / brood | Naweek vir 'n gesin van 4 @ **Krystal Beach Hotel** in Gordonsbaai | Naweek vir gesin van 4 @ **Grootnek Gasteplaas** (selfsorg) naby Joubertina | **R1500 Petrol/Diesel** Geskenk-bewys | **R700 Walmer Park** Geskenk-bewys. |


Hoogland
Kuierfees
PADKOS & WIELE
VRYDAG 8 MEI
VANAF 16:00
@ HOOGLAND
1 ISOBELLAAN, CHARLO
NAVRAE WhatsApp
079 815 9325
IETS VIR AL DIE KINDERS!
SPEELAREA
VIR KINDERS SLEGS
R50
DAN KAN JY
RY, SPING EN VERF
SOVEEL JY WIL!
RY! • SPING! • VERF!
SOVEEL PRET!
UITSTALLING VAN
MOTORS &
MOTORFIETS
VIR DIE OUER "KINDERS"!
LIPLEKKER
KOS
VIR ALMAL!
SO KINDERS
KOM KUIER SAAM
BY DIE KUIERFEES!
VRYDAG 8 MEI
VANAF 16:00 @ HOOGLAND
1 ISOBELLAAN, CHARLO
NAVRAE WHATSAPP
079 815 9325